



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**REKENINGKUNDE**

**2019**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en 'n 15 bladsy-antwoordeboek.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

<b>VRAAG 1: 35 punte; 20 minute</b>	
<b>Onderwerp:</b>	<b>Dit integreer:</b>
BTW en versoening	<b>Finansiële rekeningkunde</b> BTW-begrippe en -berekeninge Bankversoening <b>Bestuur van hulpbronne</b> Interne beheer

<b>VRAAG 2: 40 punte; 25 minute</b>	
<b>Onderwerp:</b>	<b>Dit integreer:</b>
Voorraadwaardasie	<b>Bestuur van hulpbronne</b> Spesifieke identifikasie Geweegde gemiddeld Interne beheer

<b>VRAAG 3: 40 punte; 25 minute</b>	
<b>Onderwerp:</b>	<b>Dit integreer:</b>
Vervaardiging	<b>Bestuursrekeningkunde</b> Produksiekostestaat Vertolking <b>Bestuur van hulpbronne</b> Interne beheer

<b>VRAAG 4: 80 punte; 45 minute</b>	
<b>Onderwerp:</b>	<b>Dit integreer:</b>
Ouditverslag en maatskappy finansiële state	<b>Finansiële rekeningkunde</b> Begrippe, Inkomstestaat en notas <b>Bestuur van hulpbronne</b> Ouditverslag Vastebatebestuur

<b>VRAAG 5: 75 punte; 45 minute</b>	
<b>Onderwerp:</b>	<b>Dit integreer:</b>
Kontantvloei en vertolking	<b>Finansiële rekeningkunde</b> Begrippe, Behoue-inkomste-nota, Kontantvloei-berekeninge Vertolking van finansiële inligting

<b>VRAAG 6: 30 punte; 20 minute</b>	
<b>Onderwerp:</b>	<b>Dit integreer:</b>
Begroting	<b>Bestuursrekeningkunde</b> Kontantbegroting: ontleed en vertolk <b>Bestuur van hulpbronne</b> Interne beheer

**VRAAG 1: BTW EN VERSOENING****(35 punte; 20 minute)****1.1 BEGRIPPE****GEVRA:**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Uitset-BTW word deur 'n onderneming ingevorder wanneer goedere verkoop word.

1.1.2 Die berekening van salarisse bring nie BTW in berekening nie.

1.1.3 'n Kredietsaldo op die Bankstaat dui 'n ongunstige saldo aan.

1.1.4 Die boekstaving van bankkoste apart van rente op 'n oortrokke bankrekening is 'n toepassing van die wesenlikheidsbegrip. (4 x 1) (4)

**1.2 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)**

Die inligting het betrekking op Longhill Handelaars vir die BTW-tydperk geëindig 30 April 2019. Die BTW-koers van 15% is van toepassing op alle goedere en dienste.

**GEVRA:**

Bereken die bedrag ontvangbaar van of betaalbaar aan SAID vir BTW op 30 April 2019. Dui aan of die bedrag ontvangbaar of betaalbaar is. (11)

**INLIGTING:**

A. Bedrag verskuldig aan SAID op 1 April 2019, R15 890

B. BTW-transaksies vir April 2019:

BESONDERHEDE	BTW UITGESLUIT (R)	BTW- BEDRAG (R)	BTW INGESLUIT (R)
Terugsendings deur debiteure		1 470	
Onttrekkings deur eienaar		3 075	
Debiteurerekeninge afgeskryf	8 700		10 005
Totale aankope (kontant en krediet)	224 000		
Totale verkope			396 750

**1.3 BANKVERSOENING**

Die volgende inligting het betrekking op Thandeka Handelaars vir Mei 2019.

**GEVRA:**

- 1.3.1 Bereken die korrekte Bankrekeningsaldo op 31 Mei 2019. Dui aan of dit gunstig of ongunstig is. (9)
- 1.3.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2019 op. Die bankstaatsaldo is die ontbrekende syfer. (7)
- 1.3.3 **Verwys na Inligting B(iii).**
- Noem TWEE interne beheermaatreëls wat die onderneming kan gebruik om te verseker dat dit nie weer in die toekoms sal gebeur nie. (4)

**INLIGTING:**

- A. Voordat die bankstaat ontvang is, het die Bankrekening op 31 Mei 2019 'n gunstige saldo van R19 400 getoon.
- B. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 30 April 2019:

Uitstaande deposito (gedateer 23 April 2019):	R31 560
Uitstaande betalings:	
Tjek 654 (gedateer 23 November 2018)	R2 350
EFO (elektroniese fondsoordrag)	R15 400
Tjek 705 (gedateer 30 Junie 2019)	R9 450

**LET WEL:**

- (i) Tjek 654 verskyn nie in die Mei-Bankstaat nie.
- (ii) Die EFO-betaling van R15 400 verskyn in die Mei-Bankstaat.
- (iii) Die uitstaande deposito van R31 560 verskyn nie in die Mei-Bankstaat nie. 'n Ondersoek toon dat dit kontant is wat deur 'n debiteur betaal is en nooit gedeponeer is nie. Die bedrag moet afgeskryf word.
- C. Die volgende items moet ook in berekening gebring word:
- (i) Items wat in die Mei-Bankstaat verskyn, maar nie in die joernale nie:
- Bankkoste, R1 060
  - 'n Deposito van R4 500 wat deur 'n ander onderneming gemaak is. Die bank sal hierdie fout in Junie 2019 regstel.
  - Rente op gunstige saldo, R313
- (ii) Items wat in die joernale verskyn, maar nie in die Mei-Bankstaat nie:
- 'n Deposito van R21 343 wat op 31 Mei 2019 gemaak is
  - Tjek 797 (gedateer 15 Junie 2019), R14 350
- (iii) 'n EFO-betaling het korrek as R5 678 in die Bankstaat verskyn. Die Kontantjoernaal toon hierdie EFO as R6 578.

**VRAAG 2: VOORRAADWAARDASIE****(40 punte; 25 minute)****2.1 BEGRIPPE**

Kies die korrekte term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Die mees onlangse aankope sal as eindvoorraad in die (EIEU-/geweegdegemiddelde-)voorraadwaardasie-metode beskou word.

2.1.2 Handelsware wat aangekoop word, word in die Handelsvoorraad-rekening in die (deurlopende/periodieke) voorraadstelsel geboekstaaf.

2.1.3 Vrag op aankope word as 'n (bate/uitgawe) in die periodieke voorraadstelsel geboekstaaf. (3 x 1) (3)

**2.2 PHOTO-FIX HANDELAARS**

Die inligting het betrekking op Photo-fix Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2019. Die onderneming word deur Tom Samuels besit en verkoop twee kameramodelle (Grand en De-Lux) en fotorame.

- Die voorraad kameras word gewaardeer deur die spesifieke identifikasie-metode te gebruik.
- Fotorame word gewaardeer deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik.

**GEVRA:**

2.2.1 Bereken die waarde van eindvoorraad van **kameras** op 30 April 2019. (9)

2.2.2 Bereken die waarde van eindvoorraad van **fotorame**. (8)

2.2.3 Die eienaar vermoed dat **fotorame** gesteel word. Verskaf 'n berekening om sy vermoedens te staaf. (5)

2.2.4 Tom oorweeg dit om 'n assistent teen 'n loon van R3 500 per maand aan te stel om die voorraad **fotorame** te beheer. Verduidelik waarom dit NIE 'n goeie idee is NIE. Verskaf TWEE punte met syfers/berekeninge. (6)

**INLIGTING:**

Die volgende inligting het betrekking op die jaar geëindig 30 April 2019:

**A. KAMERAS: VOORRAAD, AANGEKOOP EN VERKOOP**

	AANGEKOOP			EENHEDE VERKOOP
	EENHEDE	EENHEIDS- KOSTE	TOTAAL	
<b>GRAND MODEL</b>				
Beginvoorraad	20	R5 500	R110 000	14
Aankope	240	R5 750	R1 380 000	170
<b>DE-LUX MODEL</b>				
<b>Netto aankope:</b>	<b>270</b>		<b>R1 104 000</b>	<b>235</b>
September 2018	180	R4 000	R720 000	140
Terugsendings	(30)	R4 000	(R120 000)	
Januarie 2019	120	R4 200	R504 000	95

**B. FOTORAME: VOORRAAD, AANGEKOOP EN VERKOOP**

	EENHEDE	BEDRAE
Beginvoorraad	60	R7 200
Aankope	720	R108 000
Terugsendings	30	R4 500
Eindvoorraad	80	?
Verkope	657	

**2.3 BESTUUR VAN VOORRADE**

Die inligting het betrekking op Lyle Meubileerders vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019. Die onderneming verkoop kaste, tafels en stoele. Geen voorraad het gedurende die jaar weggeraak nie.

**GEVRA:**

Verskaf EEN ander probleem (met syfers) wat verband hou met ELKE produk en EEN oplossing vir ELKE probleem. (9)

**INLIGTING:**

	KASTE	TAFELS	STOELE
Beginvoorraad (eenhede)	200	160	1 300
Aankope (eenhede)	2 500	3 050	6 000
Verkoopprys per eenheid	R1 750	R850	R350
Kredietverkope (eenhede)	800	2 400	2 100
Terugsendings deur klante (eenhede)	(500)	(10)	0
Kontantverkope (eenhede)	1 000	600	2 250
Eindvoorraad (eenhede)	400	200	2 950
Kontant ontvang van kontantverkope	R1 750 000	R470 000	R787 500

**VRAAG 3: VERVAARDIGING****(40 punte; 25 minute)**

3.1 Kies die korrekte term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Lone wat aan die fabriekskoonmaker betaal is, word as (direkte/indirekte) arbeid beskou.

3.1.2 Oninbare skulde moet as 'n (verkoops- en verspreidingskoste/fabrieksbokoste) getoon word.

3.1.3 Huur wat vir die fabrieksgebou betaal is, word as 'n (vaste/veranderlike) koste beskou.

3.1.4 Vrag op aankope van grondstowwe word as 'n (direkte materiaal-/indirekte materiaal-)koste beskou. (4)

**3.2 ZINZI VERVAARDIGERS**

Inligting word vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2018 verskaf. Die onderneming vervaardig leerbaadjies volgens bestellings ontvang. Daar is geen goedere-in-bewerkingvoorraad nie.

**GEVRA:****3.2.1 Grondstofvoorraad:**

Bereken:

- Die waarde van die slotvoorraad deur die eerste-in-eerste-uitvoorraadwaardasiemetode te gebruik (5)

- Die direkte materiaalkoste (4)

**3.2.2 Verwys na inligting C.**

Bereken die korrekte fabrieksbokoste vir die jaar. (8)

3.2.3 Die eienaar is bekommerd oor die toename in die volgende:

- Totale vaste koste per eenheid
- Direkte arbeidskoste per eenheid

Verskaf bewyse (syfers) om sy bekommernis te regverdig. In elke geval, gee ook 'n moontlike rede vir die toename in ELKE eenheidskoste, buiten gewone inflasie. (6)

**3.2.4 Gelykbreek:**

- Bereken die gelykbreekpunt op 31 Desember 2018. (4)

- Verduidelik of daar enige verbetering in die neigings van die produksievlak en die gelykbreekpunt van een jaar na die volgende was, of nie. Haal syfers aan. (4)

- Die eienaar kan nie verstaan waarom hy vanjaar 'n beter wins maak nie. Verduidelik hoe dit gebeur het. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan. (5)

**INLIGTING:****A. Grondstof:**

Voorraadsaldo:	Meter	Koste per meter	Totale bedrag
1 Januarie 2018	920	R65	R59 800
31 Desember 2018	1 195	?	?

**B. Aankope vir die jaar:**

Datum	Meter	Koste per meter	Totale bedrag
Februarie 2018	5 200	R75	R390 000
Mei 2018	2 480	R80	R198 400
September 2018	930	R90	R83 700
<b>TOTAAL</b>	<b>8 610</b>		<b>R672 100</b>

**C. Fabrieksbokoste:**

Die boekhouer het die fabrieksbokoste op R84 330 bereken. Hy het nie die volgende uitgawes in berekening gebring nie:

Versekering	R31 200
Huuruitgawe	R114 000
Water en elektrisiteit vir die administrasie-afdeling	R7 110

- 60% van die versekering het betrekking op die fabriek.
- Die huur moet tussen die fabriek, verkope en administrasie in die verhouding 5 : 2 : 1 toegeken word.
- 15% van die water en elektrisiteit het betrekking op die kantoor. 50% moet aan die fabriek toegeken word.

**D.**

	2018		2017
	TOTALE BEDRAG	PER EENHEID	PER EENHEID
<b>Vaste koste:</b>	R264 000	R44	R36
Fabrieksbokoste			R26
Administrasie			R10
<b>Veranderlike koste:</b>		R165	R150
Direkte materiaal			R94
Direkte arbeid	R330 000	R50	R38
Verkoop en verspreiding			R18

**E. Addisionele inligting:**

	2018	2017
Getal baadjies vervaardig en verkoop	6 000 eenhede	7 560 eenhede
Gelykbreekpunt	?	3 888 eenhede
Verkoopprys per baadjie	R300	R220
Inflasiekoers	5%	

**VRAAG 4: OUDITVERSLAG EN MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE****(80 punte; 45 minute)**

- 4.1 Kies 'n term in KOLOM B wat by die verduideliking in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Weerspieël die onderneming se finansiële posisie op 'n spesifieke datum	A	Ouditeursverslag
4.1.2	Toon of die onderneming 'n wins of verlies gemaak het	B	Kontantvloeistaat
4.1.3	Verskaf besonderhede oor die beweging van geld ten opsigte van bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite	C	Balansstaat
4.1.4	Verskaf 'n onafhanklike mening oor die betroubaarheid van die finansiële state van 'n onderneming	D	Inkomstestaat
		E	Direkteursverslag

(4 x 1 ) (4)

4.2 **OUDITVERSLAG**

Uittreksel uit die auditmening van Everest Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2018:

**Ouditmening**

Na ons mening is die finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesentliche opsigte, van die finansiële posisie van die maatskappy op 30 April 2018 en die resultate van hul bedrywighede en kontantvloeï vir die jaar geëindig in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en in die wyse soos vereis deur die Maatskappywet, 2008 (Wet 71 van 2008).

**Kego en Murray Vennote**  
**Geoktrooieerde rekenmeesters (SA)**

31 Julie 2018

**GEVRA:**

- 4.2.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Gee EEN rede.  
Everest Bpk. het 'n (gekwalifiseerde/ongekwalifiseerde/weerhouding van mening-) auditverslag ontvang. (3)
- 4.2.2 Gee EEN rede waarom die Maatskappywet vereis dat publieke maatskappye deur 'n onafhanklike ouditeur geaudit moet word. (2)
- 4.2.3 Koerantberigte het aangedui dat Kego en Murray Vennote aan wanbestuur skuldig bevind is ten opsigte van auditwerk wat by verskeie groot firmas gedoen is. Verduidelik hoe dit aandeelhouers van Everest Bpk. kan beïnvloed. Noem TWEE punte. (4)

**4.3 MVVS BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2019.

**GEVRA:**

4.3.1 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 31 Maart 2019. (53)

4.3.2 Voltooi die volgende notas tot die Balansstaat:

- Vaste-/Tasbare Batenota (8)
- Gewone aandelekapitaal (6)

**INLIGTING:**

**Syfers onttrek uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 31 Maart:**

	2019	2018
	R	R
Gewone aandelekapitaal	9 300 000	4 800 000
Verbandlening: Sapphire Bank	1 430 200	1 658 000
Grond en geboue	12 500 000	12 500 000
Voertuie	1 377 000	750 000
Toerusting	?	398 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	?	475 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	?	117 500
Voorsiening vir oninbare skulde	?	30 100
Handelsvoorraad	364 200	
Debiteurekontrole	578 000	
Verkope	10 563 280	
Koste van verkope	6 236 000	
Huurinkomste	99 500	
Direkteursfooie	1 262 100	
Water en elektrisiteit	218 000	
Telefoon	75 600	
Ouditfooie	104 000	
Diverse uitgawes	61 001	
Salarisse en lone	1 280 000	
Werkgewersbydraes (medies, pensioen en WVF)	316 000	
Oninbare skulde	22 300	
Verbruiksgoedere	53 200	
Rente-inkomste	?	
Versekering	79 500	
Waardevermindering (op toerusting verkoop)	1 750	
Rente op lening	?	
Oninbare skulde ingevorder	6 000	
Gewone aandeledividende (tussentyds)	375 000	

**Aansuiwerings en addisionele inligting:**

- A.** 'n Kredietfaktuur vir R36 720 (na aftrekking van 'n 10%-handelskorting), op 31 Maart 2019 uitgereik, is nie geboekstaaf nie. Goedere het 'n winsopslag van 70% op kosprys.
- B.** Die fisiese voorraadopname op 31 Maart 2019 het die volgende voorhande getoon:
- Handelsvoorraad, R334 500
  - Verbruiksgoedere, R3 400
- C.** Debiteur S Magnum is insolvent verklaar. Sy boedel het R2 000 betaal, wat 20% van sy skuld was. Die verskil moet as oninbare skuld afgeskryf word.
- D.** R1 800 is van 'n debiteur, J Misting, wie se skuld voorheen afgeskryf is, ontvang. Die boekhouer het foutiewelik die bedrag na die Debiteurekontrole-rekening gekrediteer. Herstel die fout.
- E.** Suiwer die voorsiening vir oninbare skulde aan tot R28 500.
- F.** Versekering sluit 'n jaarlikse premie van R51 000 in, wat vir die tydperk 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019 betaal is.
- G.** 'n Werknemer is uit die Salarisjoernaal vir Maart 2019 gelaat. Die volgende besonderhede is van toepassing:
- Netto salaris van die werknemer, R9 100
  - Die aftrekkings deur die werkgewer het in totaal 30% van die bruto salaris beloop
  - Werkgewersbydraes was R2 200
- H.** Rente op lening word gekapitaliseer. 'n Vaste maandelikse terugbetaling (rente ingesluit) van R25 400 is vir die finansiële jaar betaal.
- I.** Vaste bates en waardevermindering:
- (i) Voertuie:
- Besonderhede van die drie voertuie is soos volg:

	<b>Kosprys</b>	<b>Opgehoopde waardevermindering 31 Maart 2018</b>	<b>Datum aangekoop</b>
1	R350 000	R315 000	1 Oktober 2013
2	R400 000	R160 000	1 April 2016
3	R627 000		30 November 2018

- Voertuie word teen 20% p.j. op kosprys verminder.

## (ii) Toerusting:

- Toerusting is op 31 Augustus 2018 vir R9 600 kontant verkoop. Slegs die volgende inskrywings ten opsigte van hierdie verkope is geprosesseer:

Kosprys	28 000
Opgehoopte waardevermindering op die datum van verkope	21 500
Waardevermindering vir die huidige finansiële jaar	1 750

- Waardevermindering op die oorblywende toerusting word op R92 500 bereken nadat alles hierbo in berekening gebring is.

**J.** Rente-inkomste is die ontbrekende syfer in die Inkomstestaat.

**K.** Inkomstebelasting word teen 28% van die netto wins bereken. Die netto wins voor belasting was R691 000.

**L.** Aandele en dividende:

- Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 8 000 000 aandele.
- Die maatskappy het op 1 April 2018 reeds 1 200 000 aandele uitgereik.
- 150 000 aandele is op 30 November 2018 teruggekoop. EFO-betalings ten bedrae van R825 000 is vir hierdie aandele gedoen.
- 850 000 addisionele aandele is op 30 September 2018 uitgereik.

**VRAAG 5: KONTANTVLOEI EN VERTOLKING****(75 punte; 45 minute)**

- 5.1 Kies 'n term uit die lys hieronder wat die spesifieke vrae wat volg, beantwoord. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

hefboom; opbrengs op ekwiteit; solvensie; likiditeit; winsgewendheid

- 5.1.1 Is die onderneming in staat om al sy skuld te vereffen?
- 5.1.2 Kan die besigheid korttermynskuld in die volgende finansiële jaar vereffen?
- 5.1.3 Sal aandeelhouers tevrede wees met die voordeel wat hulle vir hul belegging in die maatskappy ontvang?
- 5.1.4 Tot watter mate is die maatskappy deur lenings of geleende kapitaal gefinansier? (4)

**5.2 KULFI BPK.**

Inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019 word verskaf.

**Waar finansiële aanwysers gevra word om jou antwoord te staaf, haal die finansiële aanwyser en werklike syfer/verhouding/persentasie en neigings aan.**

**GEVRA:**

- 5.2.1 Stel die Behoue-inkomste-nota tot die Balansstaat op. (12)
- 5.2.2 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat. Toon bewerkings.
- Inkomstebelasting betaal (4)
  - Dividende betaal (4)
- 5.2.3 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat:
- Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite (9)
  - Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)
- 5.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2019:
- Vuurproefverhouding (4)
  - Skuld-ekwiteit-verhouding (4)
  - % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) (5)
- 5.2.5 Die aandeelhouers is tevrede met die verbetering in die likiditeitsposisie. Haal DRIE finansiële aanwysers (met syfers) aan om hierdie stelling te staaf. (6)

- 5.2.6 Die maatskappy het die aandelekapitaal met R840 000 en die lening met R550 000 verhoog.
- Verduidelik hoe dit die hefboom en risiko van die maatskappy beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (5)
  - Verduidelik wat die direkteure met hierdie invloed van kontant gedoen het. Noem TWEE punte. (4)
- 5.2.7 Die direkteure het besluit om die dividend-uitbetalingspersentasie te verminder.
- Verskaf berekeninge om die verandering in die uitbetalingskoers te toon. (4)
  - Gee EEN rede waarom baie aandeelhouders met die verandering in beleid tevrede was. Haal syfers aan. (2)
- 5.2.8 Martha het op 1 Maart 2018, 475 000 aandele in die maatskappy besit. Sy het nie enige aandele wat op 1 Mei 2018 uitgereik is, aangekoop nie.
- Verduidelik hoe die terugkoop van die aandele Martha se aandeelhouding bevoordeel het. Haal syfers aan. (4)

**INLIGTING:****A. Aandelekapitaal:**

- Daar was teen 1 Maart 2018, 900 000 gewone aandele uitgereik.
- 'n Addisionele 100 000 gewone aandele is op 1 Mei 2018 uitgereik.
- Op 1 Oktober 2018 het die maatskappy 60 000 aandele teen R9,00 per aandeel teruggekoop. Die gemiddelde aandeleprys op die datum was R8,04.

**B. Dividende:**

- Interim dividende van 25 sent per aandeel is op 15 September 2018 betaal.
- Finale dividende is op 28 Februarie 2019 verklaar.

**C. Uittreksel uit Inkomstestaats vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019:**

	R
Waardevermindering	123 600
Rente-uitgawe	143 000
Inkomstebelasting (teen 30% van die netto wins)	293 100

**D. Uittreksel uit Balansstaat op 28 Februarie 2019:**

	2019	2018
	R	R
Vaste bates (drawaarde)*	8 775 720	8 430 720
Vaste deposito: Flay Bank	150 000	100 000
<b>Bedryfsbates</b>	<b>996 480</b>	<b>684 300</b>
Vorrade	448 000	281 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae ( <b>Nota 1</b> )	288 300	378 300
Kontant en kontantekwivalente	260 180	25 000
<b>Aandeelhoudersbelang</b>	<b>?</b>	<b>7 341 500</b>
Gewone aandeelkapitaal	7 557 600	7 200 000
Behoue inkomste	?	141 500
<b>Lening: Home Bank</b>	<b>1 400 000</b>	<b>850 000</b>
<b>Bedryfslaste</b>	<b>553 600</b>	<b>923 520</b>
Handels- en ander betaalbare bedrae ( <b>Nota 2</b> )	553 600	781 000
Oortrokke bankrekening	0	142 520

\* Ou toerusting is teen drawaarde, R111 800, vir kontant verkoop.

<b>Nota 1: Handels- en ander ontvangbare bedrae:</b>	2019	2018
Debiteurekontrole	288 300	367 000
SAID: Inkomstebelasting	0	11 300

<b>Nota 2: Handels- en ander betaalbare bedrae:</b>	2019	2018
Krediteurekontrole	325 000	421 000
Aandeelhouders vir dividende	206 800	360 000
SAID: Inkomstebelasting	21 800	0

**E. Die volgende finansiële aanwysers is op 28 Februarie bereken:**

	2019	2018
Bedryfsverhouding	1,8 : 1	0,7 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,4 : 1
Debiteure-invorderingstydperk	28 dae	39 dae
Krediteurebetalingstydperk	60 dae	60 dae
Skuld-ekwiteit-verhouding	?	0,1 : 1
Opbrengs op aandeelhoudersbelang (OOAB)	?	10,2%
Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA)	12,9%	14,4%
Verdienste per aandeel (VPA)	71 sent	83 sent
Dividende per aandeel (DPA)	47 sent	80 sent
Netto batewaarde per aandeel (NBA)	837 sent	816 sent
Markwaarde per aandeel	840 sent	807 sent
Rentekoers op lenings	13,5%	13,5%

**VRAAG 6: BEGROTING****(30 punte; 20 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Cimpiwe Klerewinkel.

**GEVRA:****6.1 Verwys na Inligting A.**

Identifiseer TWEE items in die Kontantbegroting wat nie in 'n Geprojekteerde Inkomstestaatsal verskyn nie. (2)

6.2 Bereken die ontbrekende bedrae, soos deur (i) tot (iii) aangedui, in die Kontantbegroting vir Junie en Julie 2019. (7)

6.3 Bereken die totale aankope vir April 2019. (2)

6.4 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Julie 2019. (8)

**6.5 Verwys na Inligting F.**

6.5.1 Lewer kommentaar op die volgende:

- Effek van die advertensies op verkope (3)
- Betalings aan krediteure (2)

6.5.2 Verkoopstrategie:

- Identifiseer TWEE strategieë (behalwe advertensies) wat die onderneming gebruik het om verkoopteikens vir Mei 2019 te bereik. Haal syfers aan. (4)
- Verduidelik of dit goeie strategieë was, of nie. Verskaf EEN punt met syfers. (2)

**INLIGTING:****A. Uittreksel uit die Kontantbegroting**

	<b>JUNIE 2019</b>	<b>JULIE 2019</b>
<b>KONTANTONTVANGSTE</b>		
Kontantverkope	186 000	285 000
Kontant van debiteure	533 430	?
Huurinkomste	(i)	9 180
Rente op vaste deposito	1 800	2 200
<b>KONTANTBETALINGS</b>		
Salarisse en lone	73 400	73 400
Vaste deposito: Protea Bank	0	(ii)
Kontantaankope van handelsvoorraad	?	(iii)
Betaling aan krediteure	192 000	?
Versekering	3 250	3 250
Onttrekkings	21 600	21 600
Diverse uitgawes	96 360	98 700

**B.** Kontantverkope is 25% van totale verkope.

Invorderings van debiteure:

- 30% in die maand van die verkope min 5% korting
- 65% in die volgende maand
- Voorsiening is gemaak vir 5% oninbare skulde.

**C.** Begrote aankope van handelsvoorraad:

April	?
Mei	R484 000
Junie	R496 000
Julie	R760 000

- 40% van handelsvoorraad word op krediet aangekoop.
- Krediteure word twee maande na die transaksiemaand betaal.

**D.** Huur het in Julie 2019 met 8% verhoog.

**E.** Die onderneming het 'n vaste deposito van R360 000. Daar is begroot om 'n addisionele bedrag op 1 Julie 2019 te belê. Rente (nie gekapitaliseer nie) teen 6% p.j. is ontvangbaar aan die einde van elke maand.

**F.** Cimpiwe is bekommerd oor die volgende items vir Mei 2019:

	BEGROOT (R)	WERKLIK (R)	AFWYKING (R)
Kontantverkope	172 000	140 000	- 32 000
Kredietverkope	516 000	552 000	+ 36 000
Invordering van debiteure	475 000	380 000	- 95 000
Advertensies	36 000	64 800	+ 28 800
Betalings aan krediteure	180 000	105 000	- 75 000
Afleweringkoste	0	19 000	- 19 000
Verpakkingsmateriaal	3 000	2 500	- 500

30
----

**TOTAAL: 300**

PLAKKER

SENTRUMNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNUMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/  
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**REKENINGKUNDE**

**GRAAD 12**

**2019**

***SPESIALE ANTWOORDEBOEK***

VRAAG	PUNTE	PARAAF	MOD.
1			
2			
3			
4			
5			
6			
TOTAAL			

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 15 bladsye.

**VRAAG 1**

1.1

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	
1.1.4	

4

1.2

**Bereken die bedrag ontvangbaar van of betaalbaar aan SAID vir BTW op 30 April 2019.**

Bewerkings	Antwoord

**Ontvangbaar/Betalbaar:**

11



**VRAAG 2**

2.1

2.1.1	
2.1.2	
2.1.3	

3

2.2 PHOTO-FIX HANDELAARS

2.2.1 Bereken:

Waarde van eindvoorraad van kameras	
Bewerkings	Antwoord

9

2.2.2 Waarde van eindvoorraad van fotorame

Waarde van eindvoorraad van fotorame	
Bewerkings	Antwoord

8

2.2.3 Die eienaar vermoed dat fotorame gesteel word. Verskaf 'n berekening om sy vermoedens te staaf.

Die eienaar vermoed dat fotorame gesteel word. Verskaf 'n berekening om sy vermoedens te staaf.	
Bewerkings	Antwoord

5

2.2.4

Tom oorweeg dit om 'n assistent teen 'n loon van R3 500 per maand aan te stel om die voorraad fotorame te beheer. Verduidelik waarom dit NIE 'n goeie idee is NIE. Verskaf TWEE punte met syfers/berekeninge.

	Verduideliking	Syfers
Punt 1		
Punt 2		

6

2.3

## BESTUUR VAN VOORRADE

Produk	Probleem	Oplossing
Kaste		
Tafels		
Stoele		

9

TOTALE PUNTE
40

**VRAAG 3**

3.1

3.1.1	
3.1.2	
3.1.3	
3.1.4	

4

3.2.1

**Bereken: Die waarde van die slotvoorraad deur die eerste-in-eerste-uitvoorraadwaardasiemetode te gebruik**

Bewerkings	Antwoord

5

**Bereken: Direkte materiaalkoste**

Bewerkings	Antwoord

4

3.2.2

**Fabrieksbokoste**

TOTAAL o/b	84 330

8

3.2.3

**Verskaf bewyse (syfers) om sy bekwommernis te regverdig. In elke geval, gee ook 'n moontlike rede vir die toename in ELKE eenheidskoste, buiten gewone inflasie.**

KOSTE	BEWYSE	REDE
Totale vaste koste per eenheid		
Direkte arbeidskoste per eenheid		

6

3.2.4

**Bereken die gelykbreekpunt op 31 Desember 2018.**

Bewerkings	Antwoord

4

Verduidelik of daar enige verbetering in die neigings van die produksievlak en die gelykbreekpunt van een jaar na die volgende was, of nie. Haal syfers aan.

4

Die eienaar kan nie verstaan waarom hy vanjaar 'n beter wins maak nie. Verduidelik hoe dit gebeur het. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan.

5

TOTALE PUNTE
40

**VRAAG 4**

4.1

4.1.1	
4.1.2	
4.1.3	
4.1.4	

4

**4.2 OUDITVERSLAG**

4.2.1

Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word.

Gee EEN rede.

3

4.2.2

Gee EEN rede waarom die Maatskappywet vereis dat publieke maatskappye deur 'n onafhanklike ouditeur geoudit moet word.

2

4.2.3

Koerantberigte het aangedui dat Kego en Murray Vennote aan wanbestuur skuldig bevind is ten opsigte van ouditwerk wat by verskeie groot firmas gedoen is. Verduidelik hoe dit aandeelhouders van Everest Bpk. kan beïnvloed. Noem TWEE punte.

4

## 4.3 MVVS BPK.

## 4.3.1 Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

Verkope	
Koste van verkope	
<b>Bruto wins</b>	
Bedryfsinkomste	
Huurinkomste	99 500
<b>Bruto bedryfsinkomste</b>	
Bedryfsuitgawes	
Direkteursfooie	1 262 100
Water en elektrisiteit	218 000
Telefoon	75 600
Ouditfooie	104 000
Diverse uitgawes	61 001
<b>Bedryfswins</b>	
Rente-inkomste	
Wins voor rente-uitgawe	
Rente-uitgawe	
<b>Netto wins voor belasting</b>	691 000
Inkomstebelasting	
<b>Netto wins na belasting</b>	

## 4.3.2 NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT

## Vaste/Tasbare Bates

	Grond en Geboue	Voertuie	Toerusting
Drawaarde aan begin van finansiële jaar	12 500 000	275 000	280 500
Kosprys	12 500 000	750 000	398 000
Opgehoopte waardevermindering	-	(475 000)	(117 500)
Bewegings			
Toevoeging teen kosprys	-		-
Bateverkope teen drawaarde	-	-	
Waardevermindering	-		(94 250)
Drawaarde aan einde van finansiële jaar	12 500 000		
Kosprys	12 500 000	1 377 000	
Opgehoopte waardevermindering	-		

8

## Gewone aandelekapitaal

Gemagtig:		
8 000 000 aandele		
Uitgereik:		
1 200 000	aandele aan begin uitgereik	

6

TOTALE PUNTE

80

**VRAAG 5**

5.1

5.1.1			4
5.1.2			
5.1.3			
5.1.4			

5.2 **KULFI BPK.**5.2.1 **BEHOUE-INKOMSTE-NOTA:**

Saldo op 1 Maart 2018		
Netto wins na belasting		
Gewone aandeledividende		
Saldo op 28 Februarie 2019		12

5.2.2 **Bereken: Inkomstebelasting betaal**

Bewerkings	Antwoord	4

**Bereken: Dividende betaal**

Bewerkings	Antwoord	4

5.2.3

Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite		
		9

<b>Netto verandering in kontant en kontantekwivalente</b>		
		4

5.2.4 **Bereken: Vuurproefverhouding**

Bewerkings	Antwoord

4

**Bereken: Skuld-ekwiteit-verhouding**

Bewerkings	Antwoord

4

**Bereken: % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (OOAB)**

Bewerkings	Antwoord

5

5.2.5 **Die aandeelhouders is tevrede met die verbetering in die likiditeitsposisie. Haal DRIE finansiële aanwysers (met syfers) aan om hierdie stelling te staaf.**

6

5.2.6 **Die maatskappy het die aandeelkapitaal met R840 000 en die lening met R550 000 verhoog.**

**Verduidelik hoe dit die hefboom en risiko van die maatskappy beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan.**

5

Verduidelik wat die direkteure met hierdie invloei van kontant gedoen het. Noem TWEE punte.

4

5.2.7 Verskaf berekeninge om die verandering in die uitbetalingskoers te toon.

4

Gee EEN rede waarom baie aandeelhouers met die verandering in beleid tevrede was. Haal syfers aan.

2

5.2.8 Verduidelik hoe die terugkoop van die aandeel Martha se aandeelhouding bevoordeel het. Haal syfers aan.

4

TOTALE PUNTE
75

## VRAAG 6

6.1

Identifiseer TWEE items in die Kontantbegroting wat nie in 'n Geprojekteerde Inkomstestaat sal verskyn nie.

2

6.2

(i) Bereken: Huurinkomste, Junie 2019

Bewerkings	Antwoord

(ii) Bereken: Vaste deposito: Protea Bank, Julie 2019

Bewerkings	Antwoord

(iii) Bereken: Kontantaankope van handelsvoorraad, Julie 2019

Bewerkings	Antwoord

7

6.3

Bereken die totale aankope vir April 2019.

Bewerkings	Antwoord

2

6.4

## DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE

	KREDIETVERKOPE	JUNIE	JULIE
MEI	576 000	374 400	
JUNIE		159 030	
